LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

31 Januarie

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Elke week word 'n nuwe klank en getal aangeleer. Elke klank en getal het 'n beginpunt en leerders mag nie op 'n ander plek begin met die klank of getal nie. Voorbeelde is in die Woordboulêer. Afrikaanse en Engelse rympies word by die huis en klassikaal aangeleer. Getalkombinasies word aangeleer en daagliks as hoofrekene herhaal, oefen asb. ook tuis. Teken asseblief die positiewe en negatiewe inskrywings in u kind se onthouboekie.

Nuwe Tema: My skool

Week 1:

- Tuiswerk: Doen asb. elke dag se taal, lees en wiskunde werkvel. Merk en stuur Vrydag terug.
- Rympie: *Dae van die week*- word by die huis en kassikaal aangeleer.
- ɑ en ɑɑ word aangeleer- bou woorde: ɑs en ɑɑs met uitgeknipte klankies in die Woordboulêer.
- Leerders mag nie die ɑ omkeer nie.
- Begin by die regte beginkol.
- Lees: Herken die ɑ klank in die leeskaarte.
- Sigwoorde: Dit is, Hier is, Ek is- word herken en nie geklank.
- **Praat by die huis: Praat oor emosies. Leerders het 'n assesseringsblad verlede week ontvang waarop hul moet teken wat hul gelukkig, ongelukkig, ensovoorts maak. Hulle moet dan in die klas die prentjies in Afrikaans en Engels verduidelik. Dit word geassesseer.**

Gelukkig Ongelukkig



- Hierdie week leer ons getal 3 aan. Leerders mag nie die 3 omkeer nie. Begin by die regte beginkol. Skryf en herken die 3.
- Teen Vrydag moet leerders 3 se maatjies uit hulle kop ken. Leer dit elke dag.

0+3=3, 1+2=3
2+1=3, 3+0=3

drie

- **Tel van 0 tot 10 en terug op die 100 kaart. Gebruik jou leesvinger en lees die getalle. Tel in ewe en onewe getalle van 1 tot 10 en terug.**
- **Skryf van 1 tot 10 en terug.**
- **1 meer en 1 minder as 3.**
- **Verdubbel 3.**
- **Rangskik getalle van die kleinste na die grootste.**
- **Wat staan voor en wat staan na 3.**
- **3 staan tussen 2 en 4.**
- **Engelse praatjie: Talk about emotions (word geassesseer).**
- **Kuns: Teken self. Opdrag word op A3 papier in die klas gedoen en word geassesseer. Spasie op die papier moet reg benut word. Kop, nek, skouers, lyf, arms met hande en bene met voete moet op die regte plek wees. Leerder moet reeds weet waar betrokke liggaamsdele kom. Stokmannetjies mag nie geteken word nie en inkleurwerk moet netjies en korrek wees.**

Week 2:

- U kind ontvang Maandag sy tuiswerk vir die week. Doen elke dag een wiskunde en een taal- en leesopdrag***. Moet asb. nie al die huiswerk op een dag doen nie. Merk self u kind se huiswerk en beloon met plakkers ens.*** Gee Vrydag weer in.
- Leerders vertel nuus van die huis af. Dit word geassesseer.
- Ons leer e en ee klanke aan. Stel ook “oe” bekend.
- Begin by die regte beginkol.

- Bou die woorde se, sê, ses en see met uitgeknipte klankies in die Woordboulêer.

Onthou as "e" aan die einde van 'n woord staan, sê ons i en nie e bv se.
As "e" aan die einde van 'n woord staan en daar is 'n kappie op sê ons e, bv sê.

- Lees: Herken die e en ee in die leeskaarte.
- Sigwoorde moet herken word en nie geklank word nie.
- Rympie: *My nuwe skool* – word by die huis en klassikaal aangeleer.
- Engelse rympies: *Everyone is working hard* – word in die klas aangeleer.
- Hierdie week leer ons getal 4 aan.
- Begin by die regte beginkol.
- Skryf en herken die getalnaam 4.
- Doen hoofrekene met getal 4 en memoriseer.
- 0+4=4, 1+3=4, 2+2=4, 3+1=4, 4+0=4
- Tel van 0 tot 15 en terug op die 100 kaart. Gebruik jou leesvinger en lees die getalle. Tel in ewe en onewe getalle van 1 tot 15 en terug.
- Skryf getalle 1 tot 15.
- Skryf ewe getalle van 2 tot 14.
- Skryf onewe getalle van 1 tot 15.
- Ons werk in wiskunde met begrippe swaar en lig.
- Links en regs word ook weer ingeskerp.
- Posisie van getalle: bv watter getal kom voor 4 of watter getal kom na 4.
- 4 staan tussen watter twee getalle?
- Halveer en verdubbel 4.
- 1 meer as 4 en een minder as 4.
- Engels: "Identify initial sounds in words", word geassesseer.

Dankie vir u samewerking.

Graad een Personeel